# Ollie die olifant kry 'n lang slurp




Lank, lank gelede het alle olifante kort slurpe gehad.

Eendag, terwyl die groot olifante besig is om te eet, loop Ollie van sy familie af weg.

Hy loop en hy loop en hy loop. Hy hoor nie hoe die ouer olifante hom roep nie.

"Ek wil die wêreld gaan verken," sê Ollie.




Baie gou verdwaal Ollie. "Ek wens ek was by my familie," sê hy vir homself.

Kort daarna kom hy 'n leeu teë.

"Is ek 'n leeu?" vra Ollie die leeu. "Hoort ek by jou?"

"Nee, jy het nie groot tande nie en jy kan nie brul nie," antwoord die leeu. "Gaan terug na jou ma toe."





By die rivier ontmoet Ollie 'n seekoei.

"Is ek 'n seekoei?" vra hy. "Hoort ek by jou?"

"Nee, jy kan nie so lank soos ek onder water bly nie," antwoord die seekoei. "Boonop het ek klein oortjies en jy het groot ore. Gaan terug na jou ma toe."






’n Ent verder kom Ollie op ’n kameelperd af. Hy rek sy nek om met die kameelperd te praat.

“Is jy my ma?” vra hy die kameelperd. “Hoort ek by jou?”

“Nee, jou nek is te kort,” antwoord die kameelperd. “Gaan terug na jou ma toe.”






Ollie stap nog 'n ent verder,
totdat hy oor 'n skilpad val.
Hy kyk af na die skilpad.

"Hoort ek by jou?" vra hy haar.

"Nee, jy dra nie jou huis op jou
rug nie," antwoord die skilpad.
"Gaan terug na jou ma toe."






Ollie kom weer by 'n rivier, waar hy 'n krokodil ontmoet. Die krokodil is honger en wil hom eet.

"Hoort ek by jou?" vra Ollie die krokodil. "Is ek jou kind?"

"Kom nader, sodat ek jou beter kan sien," antwoord die krokodil.

Ollie stap in die water in ...






... Die krokodil pak Ollie aan sy kort slurp beet. Die krokodil begin vir Ollie dieper in die water intrek.

Op daardie oomblik sien Ollie se ma haar baba. "Laat los my baba!" skree sy kwaai vir die krokodil. Sy trek vir Ollie aan sy stert uit die rivier uit.

"Ollie, my baba! Waar was jy gewees?" roep sy uit.

"Ek het jou gaan soek, Mamma," antwoord Ollie, baie bly om weer by sy ma te wees.






Skielik sien Ollie sy slurp raak. "O, kyk hoe lank is my slurp!" roep hy uit. "Ek lyk nou skoon laf!"

"Dit maak nie saak nie," sê 'n klein voëltjie vir hom. "Jy kan dit gebruik om jouself nat te spuit en om lekker vrugte te pluk."

Van toe af geniet Ollie sy lang slurp. Al die ander olifante raak toe jaloers en besluit om hulle slurpe ook te rek. Tot vandag toe het al die olifante lang slurpe.






Ollie dwaal nooit meer ver van sy familie af nie.


Hy weet nou dat hy nie 'n leeu of 'n seekoei is nie. Hy is nie 'n kameelperd of 'n skilpad nie.

Hy is ook nie 'n krokodil nie.
Hy is Ollie, en hy is 'n olifant.
Hy hoort by die olifante tuis.

"Ek is 'n olifant," sê Ollie trots vir homself.

**Geniet dit om jou ware self te wees!**







# Dierefeite

## OLIFANTE



1 Beide vroulike en manlike Afrika-olifante het lang slagtande. Hulle gebruik hulle slagtande om in die grond te grawe en kos te soek.



2 Vroulike olifante word olifantkoeie genoem. Manlike olifante word olifantbulle genoem. Baba-olifante word kalfies genoem.



3 ’n Volwasse olifant kan tot 300 kg kos per dag vreet en 160 liter water per dag drink.




4 ’n Groep olifante word ’n trop genoem.



5 Olifante slaap gewoonlik net omtrent twee of drie uur per dag.



6 Olifante kan mekaar tot agt kilometer ver hoor trompetter.



7 Afrika-olifante kan baie goed ruik. Hulle kan water tot 19 km ver ruik.



8 Die grootste olifant het ongeveer **10 886** kg geweeg en het **3,96** meter hoog gestaan.



9 Wanneer hulle warm kry, gebruik olifante hulle slurpe om hulleself met koel water nat te spuit.




10 Olifante kan sonbrand opdoen, daarom beskerm hulle hulleself met sand en modder.

# Groepleesaktiwiteite



1 Sê vir jou maat watter prent eerste, tweede, derde en laaste moet wees. Gebruik die prente om die storie aan jou maat oor te vertel.





2 Lees hierdie vrae en beantwoord dit saam met jou maat.

a. Wat is die titel van die storie?

b. Wie is die hoofkarakter?

c. Van watter diere word daar in die storie vertel?

d. Wat het met die baba-olifant gebeur?



e. Dink jy dit is 'n ware verhaal?

f. Hoeveel keer is die woorde "Hoort ek by jou?" in die storie gebruik?

g. Sou jy 'n krokodil vra om jou te help? Gee 'n rede vir jou antwoord.



3 Gebruik die woorde en die prente om jou te help om die sinne te voltooi. Skryf die sinne in jou klaswerkboek.




| | | | | |
|---|---|---|---|---|
| kameelperd | skilpad | leeu | krokodil | Ollie |

| |
|---|
| "Is jy my ma?" vra _______. |
| Die _______ het 'n lang nek. |
| Die _______ dra sy huis op sy rug. |
| Die _______ wil vir Ollie eet. |
| Die _______ het groot tande en kan hard brul. |



4 Voltooi hierdie aktiwiteit in jou klaswerkboek.

a. Soek in die storie woorde met die volgende klanke en skryf dit neer:

| | | | | |
|---|---|---|---|---|
| aai | ooi | eeu | oei | ei |

b. Maak 'n lys van al die diere in die storie. Gebruik ná elke dier se naam 'n komma.

c. Skryf die eerste woord van elke ry in jou klaswerkboek neer. Skryf dan die woorde in elke ry wat daarmee rym, langsaan neer.

| | | | |
|---|---|---|---|
| raak | maak | waar | saak |
| beet | eet | weet | weer |
| maar | voor | daar | vaar |

d. Skryf die hoofgedagte van die storie in jou eie woorde neer. Skryf vier tot ses sinne. Lees jou skryfstuk hardop vir jou maat.



5 Skryf die name van die prente in jou klaswerkboek. Hulle begin almal met 'n **sk**-klank.


a.



b.



c.



d.

